

Wildmisdaad: 'n konseptuele definisie

Inge Snyman

Inge Snyman, Fakulteit Regte, Noordwes-Universiteit¹

Opsomming

Wildmisdaad bedreig daagliks die voortbestaan van talle wildspesies. Internasionale en nasionale belanghebbendes prioritiseer die bekamping van wildmisdaad deur voorrang aan dié kwessie op omgewingsagendas te gee, maar teenstrydig hiermee bestaan daar tans geen internasionale verdrag wat uitsluitlik op die bekamping van wildmisdaad fokus nie. 'n Moontlike rede hiervoor is dat geen universele definisie van wildmisdaad opgeteken is nie. Hoewel wildmisdaad 'n algemene gebeurtenis op Suid-Afrikaanse bodem is vanweë die oorfloed van wildspesies wat hier voorkom, is die konseptualisering van wildmisdaad in Suid-Afrikaanse wetgewing en beleid nie voor die hand liggend nie. Ten einde die konseptuele leemtes in die omgewingsreg te vul, het hierdie artikel 'n tweeledige doel, naamlik om (a) 'n konseptuele definisie van die begrip *wildmisdaad* vanuit 'n omgewingsregperspektief vir die doel van hierdie bydrae te formuleer en voor te stel; en (b) 'n omvattende konseptuele ontleding aan die hand van die geformuleerde voorgestelde definisie ((a) hier bo) te onderneem om die konsep van *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse omgewingsregkonteks vas te stel. Ten einde *wildmisdaad* konseptueel te definieer, moet die begrippe *omgewingskade*, *omgewingsmisdaad*, *wild* en *misdaad* afsonderlik aan die hand van relevante bronne ontleed word. In hierdie artikel word verbandhoudende definisies en konsepte voorts aan die hand van die voorgestelde definisie oorweeg en ontleed ten einde 'n ruim konseptuele definisie van die begrip *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse konteks te skep.

Trefwoorde: definisie; konseptuele definisie; konseptuele leemtes; omgewingsmisdaad; wildmisdaad

Abstract

Wildlife crime: a conceptual definition

Wildlife crime is a biodiversity threat of anthropocentric origin that causes perturbing levels of biodiversity loss. Due to the detrimental impact of wildlife crime on the continued survival of biodiversity, international policymakers give it priority on environmental agendas, but in contrast with this prioritisation, no international convention or combat strategy exists whereby countries can determine best practice to combat wildlife crime on a national level. These legal gaps may possibly be attributed to the lack of a universal definition of *wildlife crime*. Currently it seems that no definition of wildlife crime (or even a related concept) is recorded in any international environmental conservation treaty or policy, which leads to inconsistencies and anomalies in the literature.

As a result of the abundant biodiversity in South Africa, wildlife crime occurs on a daily basis. Yet no dedicated South African legislation exists that defines *wildlife crime* and deals exclusively with the combating of wildlife crime. The combating of wildlife crime is simply addressed within the broader South African environmental law framework.

The objective of this article is twofold. First, it aims to construct and propose a possible conceptual definition of *wildlife crime*. Secondly, the article analyses related concepts and definitions, guided by the proposed definition, to determine what the concept of wildlife crime entails within the South African environmental law context. To achieve this, a theoretical study was carried out by means of a literature survey comprising legal and other interdisciplinary sources.

In order to formulate a proposed definition of *wildlife crime*, the concepts *environmental harm*, *environmental crime* and *wildlife crime* are considered to determine their coherence and interconnection. *Environmental harm*, a concept developed and described mainly by green criminologists, refers to the degradation and destruction of natural environments due to overexploitation, misuse and mismanagement by humans. Examples include littering, pollution, unplanned urban expansion, reckless deforestation, irresponsible fishing practices, oil spills and war damage. As a result, environmental harm can, for example, lead to the destruction of habitats and declining food sources, which can further influence wild species' natural resilience. *Environmental crime* refers to the deliberate evasion of environmental laws and regulations. A broad definition of environmental crime would state that all environmental harms are environmental crimes, while a narrow definition would determine that environmental crimes are environmental harms that are deemed to be illegal and punishable in terms of environmental legislation. Five main environmental crime areas are identified, namely (a) illegal logging and timber trade; (b) illegal, unreported and unregulated fishing; (c) illegal mining and mineral extraction; (d) illegal trade in controlled chemicals, hazardous waste and ozone-depleting substances; and e) poaching and illegal trade in wild species (this is what is more commonly known as *wildlife crime*). The definitions of *wildlife* and *crime* are first separately considered, followed by a narrower consideration of the concept of *wildlife crime*. *Wildlife* is interpreted both in a wide and in a narrow sense and various conceptual approaches are considered. For the purposes of this article *wildlife* refers to animals in their natural state, traditionally untamed and distinguished from domestic animals. *Crimes*, within the context of wildlife crime, are acts or omissions that transgress the provisions of international treaties and policies or national environmental law and regulation. Associated definitions of *wildlife crime* describe it as a

multistage operation consisting of numerous activities with a complex organisational structure. Four levels of activities that form part of wildlife crime can be distinguished, namely (a) the poaching of wildlife; (b) the transporting of and trade in wildlife; (c) the processing of wildlife into products; and (d) the distribution and sale of wildlife and their products. These activities can be placed on a continuum and they may not always take place in the same order, but wildlife crime always starts with the poaching of wildlife. Wildlife crime is also associated with other serious offences like fraud, corruption, money laundering and tax evasion.

After consideration of the concepts *environmental harm*, *environmental crime* and *wildlife crime*, a proposed definition of *wildlife crime* could read as follows: Wildlife crime is an area of environmental crime that causes environmental harm and consists of different levels of activities and related serious crimes, which are illegal and regulated in terms of international treaties and national legislation.

The term *wildlife crime* is not expressly used in any South African law or policy. Therefore, on the basis of the proposed definition, related definitions and concepts in relevant legislative provisions, regulations and environmental policies are considered and analysed in order to form a broad conceptual definition of *wildlife crime* within the South African context. The concept of *wildlife crime* is not guided by the concept of *environmental damage*, as the field of green criminology in South Africa is currently underdeveloped. Wildlife crime in South Africa is mostly limited to “restricted activities” and “prohibited activities” identified in national and provincial legislation and are considered unlawful. It is worth noting that the identified “restricted activities” are not expressly referred to as wildlife crime in the relevant national and provincial legislation. The committing of these acts outside the conditions of a permit, or what is contrary to other legislative provisions, can lead to criminal prosecution, which is punishable by a fine or imprisonment if the accused is found guilty of committing these acts. However, the application of the aforementioned legislation depends on the classification of the relevant species. Currently, South African legislation does not make a prominent, explicit connection between wildlife crime and related serious crimes, but document fraud is recognised as an unlawful act in this connection. The term *wildlife crime* is not expressly used in any South African law or policy. With the interpretation of relevant legislative provisions, regulations and environmental policies, it is clear that certain actions towards certain wildlife species within certain circumstances constitute crimes for which an alleged offender can be prosecuted. Consequently, such acts in South Africa are conceptually equivalent to wildlife crimes.

Keywords: conceptual definition; conceptual description; conceptual gaps; environmental crime; wildlife crime

1. Inleiding

“A problem well stated is a problem half solved.” – John Dewey

Biodiversiteit gaan tans met rasse skrede verlore,² en wildmisdaad kan uitgesonder word as ’n biodiversiteitsbedreiging wat tot die angswekkende vlakke van biodiversiteitsverlies bydra.³ Die omvang van wildmisdaad is so enorm en onvermydelik dat dit ingrypende optrede noodsaak,⁴ en derhalwe geniet die kwessie voorrang op internasionale en nasionale omgewings-agendas.⁵ Teenstrydig hiermee bestaan daar egter tans geen toonaangewende internasionale

verdrag of 'n aanbevole bekampingstrategie waarvolgens lande die beste praktyk kan vasstel om wildmisdaad te bekamp nie.⁶ Kenners meen dat dié leemte moontlik te wyte is aan die tekort aan 'n universele definisie van *wildmisdaad*.⁷ Sover vasgestel kon word, is geen definisie of verbandhoudende begrip van wildmisdaad in enige internasionale verdrag of verbandhoudende internasionale beleid met betrekking tot die bewaring van biodiversiteit te vinde nie.⁸

Suid-Afrika is ryk aan biodiversiteit, met talle charismatiese wildspesies⁹ wat hier voorkom. Dienooreenkomstig is die beskerming van biodiversiteit teen menslike misbruik tans 'n uiters aktuele tema in Suid-Afrika,¹⁰ want vanweë hierdie oorvloedige rykdom aan biodiversiteit kom wildmisdaad daagliks in Suid-Afrika voor.¹¹ Desnieteenstaande beskik die uitgebreide Suid-Afrikaanse omgewingsregraamwerk nie tans oor 'n wet of beleid wat uitsluitlik oor die bekamping van wildmisdaad handel of die begrip *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse omgewingsreg definieer nie.

Ten einde die voorgenoemde konseptuele leemtes in die omgewingsreg te vul, het hierdie artikel 'n tweeledige doel, naamlik om:

- a. 'n konseptuele definisie van die begrip *wildmisdaad* vanuit 'n omgewingsregperspektief vir die doel van hierdie bydrae te formuleer en voor te stel; en
- b. 'n omvattende konseptuele ontleding aan die hand van die geformuleerde voorgestelde definisie ((a) hier bo) te onderneem om die konsep van wildmisdaad binne die Suid-Afrikaanse omgewingsregkonteks vas te stel.

Die betoog berus op 'n teoretiese studie by wyse van 'n literatuuroorsig gekombineer met dogmatiese navorsingsmetodes.¹² 'n Studie van relevante primêre bronne, naamlik internasionale verdrae en beleide, Afrika-streeksprotokolle en strategieë, en Suid-Afrikaanse wetgewing en regspraak, is onderneem. Hierdie bronne word deur sekondêre bronne in die vorm van handboeke, bydraes in versamelwerke, akademiese joernaalartikels, konferensiebydraes, proefskrifte en verhandelinge, staatspublikasies, en internet- en ander elektroniese hulpbronne ondersteun. Die konseptuele definisie van wildmisdaad word in hierdie artikel vanuit 'n omgewingsregperspektief ontwikkel. 'n Strafregtelike definisie van die term val buite die bestek van hierdie artikel.

2. 'n Konseptuele definisie van die begrip *wildmisdaad*

Salafsky, Salzer, Stattersfield, Hilton-Taylor, Neugarten en Wilkie¹³ argumenteer dat die formulering van 'n definisie van wildmisdaad aan belanghebbendes 'n beginpunt bied om betekenisvolle gesprekke oor 'n spesifieke onderwerp te voer en dat die afwesigheid van 'n definisie tot wanbegrip kan lei.¹⁴ Solank as wat daar onsekerheid oor die definisie van wildmisdaad heers, meen kenners soos Clifford en Edwards¹⁵ dat 'n meer omvattende benadering tydens konseptualisering gevolg moet word wat 'n platform vir konstruktiewe en insiggewende medewerking tussen kenners daarstel. Ten einde 'n konseptuele definisie van *wildmisdaad* vir doeleindes van hierdie artikel te distilleer, word die verwante begrippe *omgewingskade*, *omgewingsmisdaad* en *wildmisdaad* in oënskou geneem met die klem op die samehang en aaneenskakeling van die onderskeie begrippe.

2.1 Die begrippe omgewingskade en omgewingsmisdaad

Navorsing oor wildmisdaad word onder andere binne die veld van groen kriminologie bestudeer.¹⁶ Groen kriminologie fokus op die begrip *omgewingskade*¹⁷ en word ook aan die begrippe *omgewingsgeregtigheid*,¹⁸ *ekologiese geregtigheid*¹⁹ en *spesiegeregtigheid* gekoppel.²⁰


Volgens Heckenberg²¹ kan *omgewingskade* gedefinieer word as die agteruitgang en verwoesting van ekosisteme wat te wyte is aan misbruik en swak bestuur, soos die strooi van afval, onbeplande stedelike uitbreiding, roekelose ontbossing, onverantwoordelike visserypraktyke, oliestortings, en selfs oorlogskade. Omgewingskade kan byvoorbeeld meebring dat die habitat en voedselbronne van talle wildspesies deur roekelose ontbossing verwoes word, wat tot die onderdrukking van wildspesies se natuurlike herstelvermoë kan lei.²² Heckenberg²³ noem verder dat *omgewingskade* 'n verwarrende begrip kan wees, aangesien die sogenaamde skade sowel regmatige as onregmatige handeling of versuim insluit. Aan die een kant kan omgewingskade dus formeel in wetgewing gedefinieer, onregmatig verklaar of gereguleer word.²⁴ Aan die ander kant kan omgewingskade vanweë die individu se innerlike gewaarwording of vanweë gemeenskapsopvattinge as afkeurenswaardig beskou word, hoewel die betrokke vorm van omgewingskade regmatig is of moontlik nie in wetgewing as 'n vorm van omgewingskade geïdentifiseer word nie.²⁵

Bricknell²⁶ sluit by Heckenberg se verduideliking aan deur dit te stel dat skrywers soms foutiewelik die terme *omgewingskade* en *omgewingsmisdaad* as sinonieme gebruik. Bricknell²⁷ dui aan dat *omgewingsmisdaad* ruim of eng gedefinieer kan word. Die ruim definisie bepaal dat alle omgewingskade 'n omgewingsmisdaad daarstel,²⁸ terwyl die eng definisie slegs onregmatige handeling insluit wat vir strafregtelike vervolging ingevolge omgewingswetgewing vatbaar is.²⁹ Korsell³⁰ definieer dié konseptuele uitdaging soos volg:

[E]nvironmental crime faces a major problem ... The majority of environmental [harms] are legal and take place with the consent of society. It is not until environmental [harm] involves breaches of rules and permits that the question of crime can arise.

Volgens Korsell³¹ is die aanrig van omgewingskade nie in alle gevalle vanselfsprekend 'n omgewingsmisdaad nie. Sommige handeling wat moontlik skadelik vir die omgewing kan wees, is binne perke regmatig. Eers nadat 'n handelsverbod, regulasie of permit se bepalinge of toelatings oorskry word, kan daar sprake van 'n omgewingsmisdaad wees en kan daar strafregtelik teenoor die beweerde oortreder opgetree word. Clifford en Edwards³² stel dit dat indien 'n spesifieke handeling wat tot omgewingskade lei, nie in omgewingswetgewing gedefinieer is nie, daar geen misdaad gepleeg is nie. Voorts sou die gebruik van die benaming *omgewingsmisdaad* binne hierdie verband foutief wees, selfs al is daar steeds omgewingskade.

Visueel kan die begrip *omgewingskade* vanuit die groen kriminologie soos volg voorgestel word:



Figuur 1: Visuele voorstelling van die begrip *omgewingskade*

Die standpunte van groen kriminoloë word deur internasionale liggame verder gevoer. Die Organisation for Economic Co-operation and Development³³ definieer *omgewingsmisdaad* as “[the] deliberate evasion of environmental laws and regulations by individuals and companies in the pursuit of personal financial benefit, where the impacts are transboundary or global ...”

Hierdie definisie bepaal dat omgewingsmisdaad vanuit die doelbewuste oortreding van omgewingswetgewing en -regulasies ontstaan en dat die gevolge daarvan transnasionaal of selfs internasionaal uitkring. Dié perspektief beliggaam omvangryke kompleksiteite met betrekking tot skaal, omvang en inhoud aangesien die internasionale omgewingsregraamwerk byvoorbeeld in meer as 270 multilaterale omgewingsooreenkomste opgeneem is.³⁴ Die Organization for Economic Co-Operation and Development,³⁵ die International Criminal Police Organization en die United Nations Environment Programme³⁶ identifiseer vyf kernareas van omgewingsmisdaad,³⁷ naamlik:

- a. onregmatige houtkappery en ontbossing (anders gestel: woudmisdaad)
- b. onregmatige, ongerapporteerde en ongeregleerde visserye (anders gestel: visserymisdaad of maritieme misdaad)
- c. onregmatige mynbou en mineraalontginning
- d. onregmatige storting van en handel in gevaarlike en giftige afval asook osoon-afbrekende stowwe
- e. onregmatige stroping van en handel in wildspesies (anders gestel: wildmisdaad).³⁸

Gevolgtlik kan die visuele voorstelling in Figuur 1 soos volg uitgebrei word:



Figuur 2: Visuele voorstelling van die samehang en aaneenskakeling van die begrippe *omgewingskade* en *omgewingsmisdaad*

2.2 Die begrip wildmisdaad

Hierdie artikel fokus slegs op die konseptuele definiëring van die kernarea van omgewingsmisdaad wat met wildmisdaad verband hou. Die International Consortium on Combating Wildlife Crime³⁹ definieer die begrip *wildmisdaad* aan die hand van die afsonderlike begrippe *wild* en *misdaad*. Die konsortium⁴⁰ definieer *wild* as alle fauna en flora, waar *fauna* gedefinieer word as alle diere, insluitende voëls en visse, en *flora* as alle plante. Glavovic⁴¹ stel dit egter dat die term *wild* 'n eng interpretasie binne 'n regs konteks vereis. Volgens Glavovic⁴² moet drie aspekte van die vraagstuk vasgestel word, naamlik (i) of plante en diere saam geklassifiseer kan word; (ii) of voëls, visse, reptiele en insekte saam met diere geklassifiseer kan word; en (iii) wat die betekenis van *wild* is. Hierdie aspekte word van naderby beskou.

Daar bestaan afsonderlike taalkundige, wetenskaplike en regsclassifikasies van plante en diere.⁴³ Taalkundige klassifikasies word in die definisies van woorde in woordeboeke gevind. Blykens die *Verklarende Afrikaanse woordeboek*⁴⁴ word 'n *dier* gedefinieer as 'n "[l]ewende wese (behalwe [die] mens) hoër as die plant". Die definisie klassifiseer mense, diere en plante dus as afsonderlike groeperings. Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*⁴⁵ (hierna die HAT) definieer 'n *dier* as 'n "[l]ewende wese wat nie tot die planteryk behoort nie, dus kan voel en beweeg, in die wydste sin toegepas op soogdiere, voëls, reptiele, insekte".

Volgens die HAT⁴⁶ sluit *diere* soogdiere, voëls, reptiele en insekte in, maar dié interpretasie kan ook varieer. Die *Cambridge advanced learner's dictionary*⁴⁷ definieer *animal* as "something that lives and moves but is not a human, bird, fish, or insect". Dié definisie beperk diere dus uitsluitlik tot soogdiere en moontlik reptiele, hoewel reptiele nie in die definisie ingesluit is nie. Die *Concise Oxford English dictionary*⁴⁸ definieer *animal* as "a mammal, as opposed to a bird, reptile, fish or insect". Soortgelyk aan die voorgenoemde definisie beperk die definisie ook *diere* tot *soogdiere*. Die afwisselende konteks waarin daar binne 'n taalkundige klassifikasie na diere verwys word, bepaal watter spesies vir 'n spesifieke gesprek ter sake is.

Wetenskaplike klassifikasies word deur wetenskaplikes gebruik om spesies binne spesifieke ryke te klassifiseer.⁴⁹ Soms oorvleuel 'n taalkundige klassifikasie met dié van 'n wetenskaplike klassifikasie wat in 'n vakkundige woordeboek vervat is. *A dictionary of science*⁵⁰ definieer *animal* as "[a]ny member of the kingdom *Animalia* ..."⁵¹ 'n *Plant* is, volgens beide die HAT⁵² en *A dictionary of science*,⁵³ 'n lewende organisme wat in die grond (óf in water óf in ander plante) met wortels geanker is en wat deel is van die ryk *Plantae*.⁵⁴ Dus, volgens 'n (basiese) wetenskaplike klassifikasie, maak diere deel uit van die afsonderlike ryk *Animalia* en maak plante deel uit van die afsonderlike ryk *Plantae*.⁵⁵

Binne die omgewingsregkonteks is regsclassifikasies van diere en plante opgeneem in, onder andere, die International Union for Conservation of Nature se rooilys en dienooreenkomstig die rooiboek,⁵⁶ die bylae tot die CITES, die bylae tot die Convention on the Conservation of Migratory Species of Wild Animals, 1979, die National Environmental Management: Biodiversity Act 10 van 2004⁵⁷ (hierna NEMBA) se regulasies,⁵⁸ provinsiale wetgewing⁵⁹ en plaaslike ordonnansies.⁶⁰ Hierdie regsclassifikasies behels die klassifikasie van spesies volgens hul vlak van kwesbaarheid of bedreigde status in die omgewing.⁶¹ Die doel van hierdie regsclassifikasies, opgestel deur die wetgewende gesag in oorleg met wetenskaplikes en omgewingsbewaarders, is om die afname in spesiegetalle teen te werk en die optimale funksionering van ekosisteme te handhaaf.⁶² 'n Regsclassifikasie van plante en diere, binne die veld van omgewingsreg, dien dus 'n bewaringsdoel deur spesies volgens hul status in die omgewing te klassifiseer.

Die derde aspek waarna Glavovic⁶³ verwys, het ten doel om te bepaal wat die begrip *wild* beteken. Die HAT⁶⁴ definieer *wild* as "[i]n die *natuurstaat*, *ongetem*, nie mak nie: [w]ilde diere".⁶⁵ *A dictionary of plant sciences*⁶⁶ definieer *wildlife* as "[a]ny *undomesticated* organisms ... restricted to wild animals, excluding plants".⁶⁷ 'n Kerneienskap word deur beide definisies beklemtoon, naamlik dat diere "wild" is indien hulle tradisioneel ongetem is. Glavovic⁶⁸ vereis dat daar 'n verdere onderskeid gemaak moet word tussen wilde diere en huisdiere.⁶⁹ Van der Merwe en Rabie⁷⁰ bepaal dat sodanige onderskeid moontlik deur die opvattinge van 'n spesifieke gemeenskap voorgeskryf word.⁷¹ 'n Olifant kan byvoorbeeld in Indië as 'n huisdier (of 'n pakkier) beskou word, maar in Afrika word dit as 'n gevaarlike wilde dier beskou. Volgens Wyatt⁷² is huisdiere⁷³ en vee⁷⁴ nie wilde diere nie, maar dieretuindiere, sirkusdiere⁷⁵

en diere by gespesialiseerde teelboerderye⁷⁶ word as wilde diere beskou. Hoewel sirkusdiere byvoorbeeld in die meeste gevalle in aanhouding geteel en deur kondisionering getem word, stem die natuurlike eienskappe, behoeftes en drange van hierdie diere ooreen met dié van dieselfde soort diere wat in die sogenaamde natuurstaat voorkom.⁷⁷ Dus bly sirkusdiere, ondanks die feit dat hulle getem is, wilde diere.⁷⁸ In die ruimste sin verwys *wild* na diere wat in die natuurstaat voorkom, tradisioneel ongetem is, op grond van sekere kenmerke van huisdiere onderskei kan word en volgens gemeenskapsopvattinge as 'n *wilde dier* geklassifiseer word. Vir die doeleindes van hierdie artikel word die term *wildspesie* deurlopend gebruik om te verwys na alle tradisioneel ongetemde soogdiere (spesifiek landdiere), insluitende voëls en reptiele.⁷⁹

Die International Consortium on Combating Wildlife Crime⁸⁰ beskou *misdaad* as handeling wat in stryd met die bepalings van nasionale omgewingswetgewing en verbandhoudende regulasies verrig is. Die International Criminal Police Organisation⁸¹ brei hierdie definisie verder uit deur te bepaal dat *misdaad* ook na die oortreding van bepalings van internasionale omgewingsverdrae kan verwys. Sas-Rolfes, Challender, Hinsley, Verissimo en Milner-Gulland⁸² wys daarop dat dié oortredings meestal met die kommersiële uitbuiting van wildspesies verband hou. White⁸³ voeg by dat die aard, strekking en betekenis van *misdaad* in die meeste gevalle diep in die nasionale strafregtelike beginsels van 'n betrokke land gewortel is en dat die inhoud van die beginsels nooit staties is nie, maar eerder deurlopend deur politieke skommeling, morele oorwegings, individuele outonomie en gemeenskapswelstand beïnvloed word. Die International Consortium on Combating Wildlife Crime⁸⁴ het die afsonderlike begrippe *wild* en *misdaad* se definisies nie met mekaar vereenselwig nie en dus nie 'n koherente definisie vir die term *wildmisdaad* geformuleer nie.

Wyatt⁸⁵ beskryf *wildmisdaad* soos volg:

[Wildlife crime is a] multi-stage ... operation which encompasses numerous activities ...⁸⁶ [A] complete process ...⁸⁷ [Wildlife crime is an] [i]ntricate web with many commonalities, yet incredibly diverse in its structure ... occurring on a significant worldwide scale that is threatening the survival of numerous species around the globe.⁸⁸

Volgens Wyatt⁸⁹ is wildmisdaad 'n veelvlakkige proses met 'n komplekse organisatoriese struktuur wat uit verskillende handeling bestaan.⁹⁰ Wyatt⁹¹ onderskei voorts tussen vier handelingsvlakke wat deel uitmaak van wildmisdaad. Sodanige handeling sluit in:

Vlak 1: Stroop van wildspesies

Vlak 2: Vervoer van en handel in wildspesies

Vlak 3: Verwerking van wildspesies tot neweprodukte

Vlak 4: Verspreiding en verkoop van wildspesies en neweprodukte aan 'n koper.⁹²


Van Uhm⁹³ steun dié benadering deur daarop te wys dat die verskillende handeling op 'n kontinuum geplaas kan word. Die spesifieke handeling is identifiseerbaar, maar die reeks of volgorde waarin dit plaasvind, varieer deurlopend, wat die vervolging van beweerde oortreders kan kompliseer.⁹⁴ Die uiterste punte van die kontinuum, of anders gestel, die begin- en eindpunte, is, volgens Van Uhm,⁹⁵ wel bepaalbaar. Die United Nations Office on Drugs and Crime⁹⁶ voer dié argument verder met verwysing na beide wild- en woudmisdaad:

Wildlife and forest crime comprises a myriad of diverse and sometimes overlapping offences from illegal logging and hunting, processing, exporting and importing, trafficking, supplying, to receiving, possessing and consuming wild fauna and flora. It also covers associated offences, such as document fraud (including fraudulent marking and stamping), money laundering, tax evasion and corruption ... To combat wildlife and forest crime effectively, it is important to identify and define all possible offences and to enforce appropriate penalties for the complete array of offences. Identifying the many offences that constitute or contribute to wildlife and forest crime goes some way in defining the phenomenon and in articulating what wildlife and forest crime is, and – just as importantly – what it is not.

Die United Nations Office on Drugs and Crime⁹⁷ bepaal dat die verskillende handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad kan oorvleuel en dat dit nie noodwendig volgens 'n spesifieke volgorde plaasvind nie.⁹⁸ Dié definisie dui verder aan dat wildmisdaad ook met ander misdade, soos dokumentbedrog, geldwassery, belastingontduiking en korrupsie verband hou.⁹⁹ Luidens die United Nations Office on Drugs and Crime¹⁰⁰ is die identifisering van alle moontlike betrokke handelinge, asook die identifisering van die bogenoemde verwante misdade, deurslaggewend om wildmisdaad beter konseptueel te definieer.

'n Konseptuele definisie aan die hand van bepaalde handelinge kan moontlik die taak om te bepaal wat wildmisdaad is (of nie is nie) vergemaklik en sodoende beleidmakers en toepassingsagentskappe help om wildmisdaad op verskillende vlakke te bekamp en gepaste sanksies en boetes aan gevonnisde oortreders op te lê.¹⁰¹ Bricknell¹⁰² argumenteer dat indien die handelinge wat deel uitmaak van die onderskeie kernareas van omgewingsmisdaad (onder andere wildmisdaad), bekend is, die bestaande en potensiële omgewingskade ook met groter akkuraatheid voorspel en hanteer kan word.

Gevolglik kan die visuele voorstelling in Figuur 2 soos volg uitgebrei word:



Figuur 3: Visuele voorstelling van die samehang en aaneenskakeling van die begrippe *omgewingskade*, *omgewingsmisdaad* en *wildmisdaad*

Figure 1, 2 en 3 stel die samehang en aaneenskakeling van die begrippe *omgewingskade*, *omgewingsmisdaad* en *wildmisdaad* visueel voor. Die visuele voorstellings en besprekings dui aan dat een begrip se definisie binne die definisies van ander begrippe gevorm word.

Wildmisdaad kan dus vir die doeleindes van hierdie artikel gedefinieer word as:

- a) 'n area van omgewingsmisdaad
- b) wat omgewingskade veroorsaak
- c) uit verskillende handelingsvlakke en verwante ernstige misdade bestaan, en
- d) deur internasionale verdrae en nasionale wetgewing geregleer of onregmatig verklaar word.

Aan die hand van hierdie definisie word die konseptuele definisie van die begrip *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse omgewingsregkonteks in die volgende gedeelte vasgestel.

3. Die konsep *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse omgewingsregkonteks

Hoewel Suid-Afrika se biodiversiteit deurlopend deur die aanslae van wildmisdaad bedreig word, bestaan daar, sover vasgestel kon word, nie 'n ooreengekome definisie vir *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse omgewingsregkonteks nie. Suid-Afrikaanse wetgewing, beleid en omgewingsverslae beskik wel oor verbandhoudende definisies en konsepte wat kan help om 'n konseptuele definisie van *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse konteks te skep. Daarom word 'n meer omvattende konseptuele ontleding aan die hand van die voorgestelde definisie onderneem ten einde die konsep *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse omgewingsregkonteks vas te stel. Om struktuur aan die bespreking te verleen, bevat die volgende gedeeltes 'n dekonstruksie van die voorgestelde definisie.

Wildmisdaad is

- a) 'n area van omgewingsmisdaad

'n Eng definisie van *omgewingsmisdaad* word in die *National Environmental Compliance and Enforcement Report 2018–19* vervat. Omgewingsmisdaad word in dié verslag gedefinieer as die oortreding van die gemenereg of 'n wetgewende bepaling verbandhoudend met enige omgewingsaangeleentheid wat strafregtelike vervolging tot gevolg het.¹⁰³ In hierdie verband is twee faktore van belang, naamlik die oortreding van wetgewing met betrekking tot enige omgewingsaangeleentheid, en die strafregtelike vervolging van die beweerde oortreder.

Wat die eerste faktor betref, is daar in die voorgaande bespreking bevind dat omgewingsmisdaad uit vyf kernareas bestaan. Dié voorgenoemde definisie maak nie melding van enige kernareas van omgewingsmisdaad nie, maar in Suid-Afrika word omgewingsaangeleenthede tussen spesifieke omgewingsbestuurswette verdeel wat op verskillende komponente van die omgewing, onder andere biodiversiteitsbestuur, fokus. Dié spesifieke omgewingsbestuurswette bevat bepalings wat onregmatige handelinge identifiseer, uiteensit en dienooreenkomstig moontlike strafregtelike sanksies vir oortredings oplê.¹⁰⁴ Hierdie sienswyse kan toegeskryf word aan die feit dat spesifieke omgewingsbestuurswette potensiële kernareas van omgewingsmisdaad binne die Suid-Afrikaanse konteks kan verteenwoordig. Die oorgrote meerderheid bepalings aangaande die bekamping van wildmisdaad (as 'n kernarea van omgewingsmisdaad) sal byvoorbeeld in die area van biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring, of meer spesifiek die

spesifieke omgewingsbestuurswet, soos die NEMBA (insluitende dié wet se regulasies), asook verbandhoudende provinsiale wetgewing wat oor natuurbewaring handel, vervat wees.

Wat die tweede faktor betref, is strafregtelike vervolging by die oortreding van omgewingswetgewing in Suid-Afrika in die bevel-en-beheer-benadering.¹⁰⁵ Die meerderheid Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing bevat strafregtelike sanksies.¹⁰⁶ Vernaam binne die areas van biodiversiteitsbestuur en maritieme hulpbronnbestuur maak beleidmakers en omgewingsowerhede in Suid-Afrika byna uitsluitlik op strafregtelike sanksies staat om die nakoming van wetgewende bepalings af te dwing en onregmatige handeling (met name wildmisdad) by wyse van 'n boete of gevangenisstraf te straf.¹⁰⁷ In 'n ondersoek na alternatiewe maatreëls in stede van die gebruik van kriminele sanksies om die bepalings van omgewingswetgewing in Suid-Afrika af te dwing, maak Kidd¹⁰⁸ die volgende waarneming:

Nature conservation offences are very often more akin to “traditional” crimes, in that their commission is not usually the unintended side effect of otherwise socially useful behaviour. People do not usually shoot elephants by accident. Although many nature conservation offences (and here one thinks particularly of unlawful killing of animals or, to be pejorative, poaching) may be attributable to poverty, ignorance or traditional culture, many are carried out for personal profit in wilful disregard of the law. In these circumstances, a compliance approach would not be ideal, particularly since the damage to the environment (in the form of a dead animal) has already been done.

Volgens Kidd se waarneming is die oplegging van kriminele sanksies by die oortreding van omgewingswetgewing tans onseibaar van dié wat verband hou met die area van biodiversiteitsbestuur. Kidd¹⁰⁹ is van mening dat kriminele sanksies in dié geval gepas is, aangesien die skade aan die omgewing reeds aangerig is en daar geen ander remedie bestaan as om die beweerde oortreder strafregtelik te vervolg nie.

Wildmisdad

b) veroorsaak omgewingskade

Soos reeds beskryf, spruit die term *omgewingskade* uit die veld van groen kriminologie. Sowel regmatige as onregmatige handeling (óf versuim) is by die konsep van *omgewingskade* ingesluit. Binne die Suid-Afrikaanse konteks kon daar nie 'n definisie vir omgewingskade gevind word nie, maar tekens van die konsep word in die volgende basiese interpretasie van artikel 24 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996)¹¹⁰ waargeneem:

Not all activities that impact on the environment are criminal. However, if the activity has or may have a significant negative effect on human health or wellbeing or on natural or managed ecosystems, it could be an environmental crime.¹¹¹

Die interpretasie stel dit dat nie alle handeling wat 'n invloed op die omgewing het, misdade daarstel nie, maar dat handeling wat 'n skadelike invloed op menslike gesondheid en welstand of die omgewing uitoefen, moontlik 'n omgewingsmisdad in Suid-Afrika kan wees.

Mayer¹¹² meen dat daar tans 'n leemte in Suid-Afrikaanse literatuur binne die veld van groen kriminologie bestaan en dat daar baie potensiaal vir interdisiplinêre uitbreiding op hierdie gebied is. Groen kriminologie bied waardevolle alternatiewe interpretasies van omgewings-

misdaad, maar intussen steun Suid-Afrika op die beginsels en bepalings van bestaande internasionale, streeks- en nasionale omgewingsregraamwerk, wat meestal fokus op die identifikasie van onregmatige handeling wat ten doel het om wildmisdaad te bekamp.

Wildmisdaad

- c) bestaan uit verskillende handelingsvlakke en verwante ernstige misdade
- d) word deur internasionale verdrae en nasionale wetgewing gereguleer of onregmatig verklaar.

In Suid-Afrika is 'n persoon aan 'n wildmisdaad skuldig indien die persoon 'n "restricted activity"¹¹³ of 'n "prohibited activity"¹¹⁴ sonder 'n permit teen 'n gelyste wildspesie uitoefen.¹¹⁵ "Restricted activity" word soos volg in die NEMBA gedefinieer:¹¹⁶

"restricted activity"—

(a) in relation to a specimen of a listed threatened or protected species, means—

(i) *hunting, catching, capturing or killing* any living specimen of a listed threatened or protected species by any means, method or device whatsoever, including searching, pursuing, driving, lying in wait, luring, alluring, discharging a missile or injuring with intent to hunt, catch, capture or kill any such specimen.

(ii) *gathering, collecting or plucking* any specimen of a listed threatened or protected species.

(iii) *picking parts* of, or cutting, chopping off, uprooting, damaging or destroying, any specimen of a listed threatened or protected species.

(iv) *importing* into the Republic, including *introducing from the sea*, any specimen of a listed threatened or protected species.

(v) *exporting* from the Republic, including *re-exporting* from the Republic, any specimen of a listed threatened or protected species.

(vi) *having in possession or exercising physical control* over any specimen of a listed threatened or protected species.

(vii) *growing, breeding or in any other way propagating* any specimen of a listed threatened or protected species, or causing it to multiply.

(viii) *conveying, moving or otherwise translocating* any specimen of a listed threatened or protected species.

(ix) *selling or otherwise trading* in, buying, receiving, giving, donating or accepting as a gift, or in any way acquiring or disposing of any specimen of a listed threatened or protected species; or

(x) *any other prescribed activity* which involves a specimen of a listed threatened or protected species¹¹⁷

“Restricted activity” is in dié geval ruim gedefinieer en die betekenis word in ’n lys van moontlike handelinge vasgevang. Volgens bostaande definisie is die jag, vang, doodmaak, versamel, jaag, uitlok, vaskeer, pluk, afkap, ontworteling, beskadiging, vernietiging, invoer, uitvoer, heruitvoer, besit, fisiese beheer, groei, teel, verspreiding, vervoer, verkoop, verhandeling, aankoop, ontvang, gee, skenk, aanvaar as ’n geskenk, verkryging, verkoop of enige ander bepaalde handeling teen ’n gelyste wildspesie (sonder ’n permit) ’n strafbare oortreding in Suid-Afrika. Alle bepalings van die Convention on International Trade in Endangered Species, 1973 (hierna CITES) betreffende die internasionale invoer, uitvoer en heruitvoer van wildspesies wat in die CITES-bylae gelys is, is ook hierby inbegrepe.¹¹⁸ Die bepalings van die CITES is deur middel van die Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations in Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing bekragtig.¹¹⁹

Die NEMBA verwys ook binne die konteks van die bostaande definisie na “specimen[s] of a listed ... species”.¹²⁰ Volgens die ontleding van die definisie van *specimen* is “restricted activities” van toepassing op (a) enige lewende of dooie wildspesie; (b) ’n eier, gameet, wild of ’n deel van ’n wildspesie; (c) enige neweproduk van ’n wildspesie; (d) enige produk wat ’n neweproduk van ’n wildspesie bevat; of (e) enige meegaande dokument, verpakking, merk of etiket wat aandui dat ’n produk ’n neweproduk van ’n wildspesie bevat.¹²¹

Handelinge soortgelyk aan die voorgenoemde “restricted activities” is in provinsiale wetgewing geïdentifiseer, en in die meeste gevalle is sodanige handelinge afsonderlik gedefinieer en verder in die onderskeie artikels van die wette beskryf.¹²² Die verrigting van handelinge wat in provinsiale wetgewing geïdentifiseer is, is ook aan ’n permit of sertifikaat onderhewig, terwyl sekere handelinge sonder uitsondering verbied word.¹²³ Beide ten opsigte van die NEMBA en die provinsiale wetgewing, is die verrigting van die handelinge (hetsy sonder ’n permit, buite permitvoorwaardes of in stryd met ’n wetgewende verbod (soos in die geval van verbode handelinge)) ’n strafregtelike oortreding wat met ’n boete of gevangenisstraf strafbaar is.¹²⁴

Die NEMBA onderskei tussen vier soorte gelyste wildspesies: (a) ’n “Kritiek bedreigde inheemse wildspesie” is ’n wildspesie wat ’n buitengewoon hoë risiko loop om in die nabye toekoms in die natuur uit te sterf.¹²⁵ (b) ’n “Bedreigde inheemse wildspesie” is ’n wildspesie wat ’n hoë risiko loop om in die nabye toekoms in die natuur uit te sterf.¹²⁶ (c) ’n “Kwesbare inheemse wildspesie” is ’n wildspesie wat ’n buitengewoon hoë risiko loop om op mediumtermyn in die natuur uit te sterf.¹²⁷ (d) ’n “Ikoniese wildspesie” is ’n inheemse wildspesie wat weens nasionale belang nasionale regulering vereis om te verseker dat dié wildspesies op ’n ekologies volhoubare manier bestuur word.¹²⁸ Volgens Klemm en Shine¹²⁹ bevat wetgewing selde spesifieke kriteria wat gebruik kan word om wildspesies te lys. Die proses word gewoonlik deur ’n administratiewe proses gefasiliteer wat berus op die diskresie van die betrokke wetenskaplike owerheid asook die nuutste beskikbare wetenskaplike kennis.¹³⁰ In sommige gevalle word die proses om wildspesies te lys deur die International Union for Conservation of Nature se rooilys (en die rooiboek) en die CITES se bylae onderskraag.¹³¹

Die handelinge wat in provinsiale wetgewing vervat is, is op ’n groter poel van wildspesies van toepassing, aangesien veel meer klasse wildspesies in dié wetgewing van mekaar onderskei word in vergelyking met nasionale wetgewing.¹³² Provinsiale wetgewing skep egter konseptuele kompleksiteit deur die benoeming, definiëring en klassifikasie van wildspesies. Sommige

wildspesies is in skedules aanvullend tot die provinsiale wetgewing gelys, ander word in die wetgewing se teks gedefinieer, terwyl party (nuwer) provinsiale wetgewing belyn is met die gelyste wildspesies van die NEMBA.¹³³ Nie alle benamings, definisies en klassifikasies stem noodwendig met mekaar ooreen nie, en elke wildspesieklas word nie in elke provinsiale wet onderskei nie.¹³⁴ Dié benamings, definisies en klassifikasies is belangrik om vas te stel watter wetgewende bepalings op watter soort wildspesie van toepassing is.¹³⁵ Gevolglik is dit van wesenlike belang om elke onderskeie provinsiale ordonnansie en wet binne sy eie konteks te lees en te interpreteer.¹³⁶

Die voorgestelde definisie van *wildmisdaad* dui verder aan dat sodanige misdaad met ander ernstige verwante misdade soos dokumentbedrog, geldwassery, belastingontduiking en korrupsie verband hou. Met die eerste oogopslag lyk dit of dié interpretasie nie deel uitmaak van die konsep van *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse konteks nie. Die konsep van *wildmisdaad* blyk in die algemeen te volstaan by die “restricted activities” ingevolge die NEMBA en die provinsiale wetgewing, maar by verdere ondersoek van die betrokke wetgewing kan tekens gevind word dat dokumentbedrog (met spesifieke verwysing na die geknoei met, of fabrisering of vervalsing van permitte en sertifikate) ’n onregmatige handeling is wat by wildmisdaad ingesluit is.¹³⁷

4. Gevolgtrekking

Ten einde die begrip *wildmisdaad* konseptueel te definieer, is die begrippe *omgewingskade*, *omgewingsmisdaad*, *wild* en *misdaad* afsonderlik oorweeg. Die konsep van *omgewingsmisdaad* spruit uit die begrip *omgewingskade*. In die mees basiese sin dui *omgewingskade* op die agteruitgang en verwoesting van ekosistels. Die begrip is egter veel meer kompleks en sluit sowel regmatige as onregmatige handelinge in. Handelinge wat omgewingskade veroorsaak, en formeel ingevolge wetgewing beskryf en onregmatig verklaar word, word beskou as omgewingsmisdade. Vyf kernareas van omgewingsmisdaad kan onderskei word, waarvan wildmisdaad een is.

Die begrip *wild* is volgens taalkundige, wetenskaplike en regsclassifikasies ontleed. Vir die doeleindes van hierdie artikel is die term *wildspesie* deurlopend gebruik met verwysing na alle tradisioneel ongetemde soogdiere (spesifiek landdiere), insluitende voëls en reptiele. Binne die gegewe konteks van omgewingsmisdaad, of altans wildmisdaad, verwys *misdaad* na die oortreding van internasionale omgewingsverdrae en nasionale wetgewing en regulasies. Verskillende handelinge maak deel uit van wildmisdaad, wat tot die meerdimensionaliteit daarvan bydra. Die handelinge kan in vier vlakke ingedeel word, en sluit die stroop van (vlak 1), vervoer van en handel in (vlak 2), verwerking van (vlak 3) en verspreiding en verkoop van (vlak 4) wildspesies en hul neweprodukte in. Daar is voorts bevind dat die pleeg van verwante ernstige misdade soos dokumentbedrog, geldwassery, belastingontduiking en korrupsie byna altyd met wildmisdaad geassosieer word.

’n Bestaande klinkklare definisie van wildmisdaad kon nie gevind word nie. Kenners bestempel dié leemte as betreurenswaardig, aangesien ’n klinkklare definisie van wildmisdaad tot konseptuele begrensing, insiggewende gesprekvoering en probleemoplossing kan bydra. Gevolglik is daar heelwat konseptuele teenstrydighede en onreëlmatighede in die literatuur gevind. Daar is in hierdie artikel bevind dat die begrippe *omgewingskade*, *omgewingsmisdaad*

en *wildmisdaad* inderwaarheid begrippe is wat in mekaar genestel is. Vanuit só 'n perspektief blyk dit dat kenners eerder op die uitbreiding van 'n ruim konseptuele definisie moet fokus as om te poog om 'n klinkklare definisie van wildmisdaad te formuleer. Ten einde hierdie leemte te probeer vul, is 'n definisie van wildmisdaad in hierdie artikel voorgestel.

Die term *wildmisdaad* word nie uitdruklik in enige Suid-Afrikaanse omgewingsregwetgewing of beleid gebruik nie. Aan die hand van die voorgestelde definisie is verbandhoudende definisies en konsepte in relevante wetgewende bepalings, regulasies en omgewingsbeleide oorweeg en ontleed ten einde die konsep van *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse konteks vas te vang. Die konsep *wildmisdaad* word nie op die konsep *omgewingskade* gebaseer nie, aangesien die veld van groen kriminologie in Suid-Afrika tans onderontwikkel is. Wildmisdaad in Suid-Afrika word meestal beperk tot “restricted activities” en “prohibited activities” beperk in die nasionale en provinsiale wetgewing geïdentifiseer is en as onregmatig beskou word. Dit is opmerklik dat die geïdentifiseerde “restricted activities” nie uitdruklik in die betrokke nasionale en provinsiale wetgewing as *wildmisdaad* beskryf word nie. Die verrigting van sodanige handeling buite die voorwaardes van 'n permit, of wat teenstrydig met ander wetgewende bepalings is, kan tot strafregtelike vervolging lei wat met 'n boete of gevangenisstraf strafbaar is. Die toepassing van die voorgenoemde strawwe hang egter af van die klassifikasie se betrokke wildspesie. Konseptueel lê Suid-Afrikaanse wetgewing nie tans 'n prominente verband tussen wildmisdaad en verwante ernstige misdade nie, maar dokumentbedrog word wel as 'n onregmatige handeling in dié verband erken.

Daar is bevind dat *wildmisdaad* binne die Suid-Afrikaanse konteks gedefinieer word as misdade wat met omgewingsaangeleenthede verband hou en wat in die area van biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring hanteer word. Na afloop van die interpretasie van relevante wetgewende bepalings, regulasies en omgewingsbeleide is dit duidelik dat sekere handeling teenoor sekere wildspesies binne sekere omstandighede misdade daarstel waarvoor 'n beweerde oortreder strafregtelik vervolg sou kon word. Gevolglik is sodanige handeling binne die konteks van Suid-Afrikaanse omgewingsreg tans konseptueel gelykstaande aan wildmisdade.

Bibliografie

Albert, C., G.M. Luque en F. Courchamp. 2018. The twenty most charismatic species. *PLOS ONE*, 13(7):1–12.

Allaby, M. (red.). 1998. *A dictionary of plant sciences*. 2de uitgawe. New York: Oxford.

Asia Pacific Group on Money Laundering and United Nations Office on Drugs and Crime. 2017. Enhancing the detection, investigation and disruption of illicit financial flows from wildlife crime. <http://bit.ly/2BZx9Hr> (19 Mei 2022 geraadpleeg).

Aucoin, C. en Z. Donnenfeld. 2017. Guns, poison and horns: organised wildlife crime in Southern Africa. <http://bit.ly/2I5fs9p> (6 Mei 2022 geraadpleeg).

Biggs, D., R. Cooney, D. Roe, H.T. Dublin, J.R. Allan, D.W.S. Challender en D. Skinner. 2016. Developing a theory of change for a community-based response to illegal wildlife trade. *Conservation Biology*, 31(1):5–12.

- Boekhout van Solinge, T. 2010. Equatorial deforestation as a harmful practice and a criminological issue. In White (red.) 2010.
- Bricknell, S. 2010. *Environmental crime in Australia*. Canberra: Australian Institute of Criminology.
- Broad, S., T. Mulliken en D. Roe. 2003. The nature and extent of legal and illegal trade in wildlife. In Oldfield (red.) 2003.
- Butchart, S.H.M., M. Walpoleben, C. van Strienjörn, P.W. Scharlemannrosamunde, E.A. Almondjonathan, E.M. Bailliebastian, en R. Watson. 2010. Global biodiversity: indicators of recent declines. *Science*, 328(5982):1164–8.
